

Woensdag 8 November

Skrifgedeelte: Markus 4:10-12, 21-22

Fokusgedeelte: Markus 4:22

Almal moet dit sien en hoor en daarvoor praat!

Jesus gebruik hier 'n baie kort gelykenis om die evangeliese opdrag aan elke gelowige te beklemtoon. Die eenvoudige waarheid dat 'n lamp se doel is om lig te maak en die donkerte te verdryf, word die doelgerigte inhoud van die gelowige se lewe. En wanneer God deur sy Woord en Gees die insig en kennis oor sy koninkryk aan die gelowige openbaar, dan gee dit nuwe betekenis en rigting aan elke gelowige se lewe.

Regdeur sy Woord is dit baie duidelik dat God juis (gewone) mense besondere insig en wysheid gee om die geheime van sy koninkryk te verstaan. Dan skakel Hy hulle ook in as medewerkers om sy koninkryk te verkondig. Hierdie roeping is egter nie bedoel vir enkele beskore uitverkorenes nie. Sy medewerkers vind ons daarom oral oor die wêreld, want elke kerk en elke gemeente en elke gelowige het hierdie roeping om die lig van die evangelie te laat straal en die koninkryk van God te verkondig.

Jesus Christus se opofferende liefde aan die kruis is die enigste antwoord vir hierdie wêreld. Hy is die Mediator in elke moeilike verhouding, Hy is die Krag vir elke sieke, Hy is die Hulp vir elke swakke, Hy is die Troos vir elke treurende, Hy is die Anker van hoop, Hy is die Bron van die lewe. Hy is die lig vir die wêreld (Joh. 8:12)!

Hierdie boodskap van Jesus Christus moet skyn soos 'n helder lig in die duisternis van hierdie wêreld. Hierdie waarheid moet almal sien en hoor en daarvoor praat! Ook ek en jy ...!

Sing: Psalm 9:1, 7, 10 (1936)

Ds. OJ (Oekie) Struwig (Frankfort)